# GEOGRAFIE
**Graad 12**
**WEEK 4**

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

## LESSE 7 EN 8: GRONDGEBRUIKSONES

**MOET WEET**:
- Die naam van elke grondgebruiksone
- Waar elke grondgebruiksone aangetref word (LW op kaarte, diagramme en fotos).
- Die kenmerke van elke grondgebruiksone.

**BRONNE**:
- Inligting op bladsy 2.
- Handboek: Grondgebruiksones
- Skandeer QR kode.
- Jou eie gebied/dorp/stad.

**1 Wat is 'n grondgebruiksone?**
'n Grondgebruiksone is 'n grondgebiedwat vir dieselfde doel gebruik word.

**2 Die volgende grondgebruiksones is belangrik:**
- SSK
- Kommersieel
- Nywerhede
- Residensieel
- Oorgangsone (Vervalsone)
- Landelik-stedelike oorgangsone

Grondgebruiksones is een van die belangrikste onderwerpe in stedelike nedersetting. Vergelyk altyd die inhoud in die tabel op bladsy 2 met die gebied/dorp/stad waarin jy woon. Dit maak hierdie onderwerp meer realisties en makliker om te studeer.

**3 Hoe om hierdie onderwerp te benader**

3.1 Begin deur die inligting in die tabel op bladsy 2 te bestudeer. Jy moet die naam en kenmerke van elke grondgebruiksone ken. Koppel die feite dan aan jou eie gebied/dorp/stad.

3.2 Grondgebruiksones kan die beste verstaan word deur die ***Vrae wat geograwe vra*** te vra. Hierdie vrae verskyn in die linkerkantse kolom in die onderstaande tabel. Die oorgangsone (vervalsone) word as voorbeeld gebruik.

| | |
|---|---|
| Wat is dit? | Oorgangsone (vervalsone) |
| Waar is dit? | Net buite die SSK (Buitenste rand van die SSK) |
| Waarom is dit daar? | Toekomstige uitbreiding van die SSK. Geboue kenmerkend van hoe die stad gelyk het. |
| Hoe lyk dit? | • Gemengde funksies (residensieel, kommersieel, ligte nywerhede)<br>• Vervalle ou geboue<br>• Hernuwing<br>• Waardevolle grond |
| Wat is die impak op die omgewing? | • Rommelstrooiing<br>• Krotbuurtes, verwaarloosde geboue |
| Hoe kan dit bestuur word? | • Restourasie<br>• Hernuwing<br>• Verminder digtheid van geboue |


***<u>AKTIWITEIT:</u> Kopieer die tabel en beantwoord dieselfde vrae i.v.m. die ander grondgebruiksones. Hierdie vrae kom gewoonlik in eksamens voor – slegs ander woorde word gebruik om die vrae te stel.***

## 4 Grondgebruiksones: Ligging en kenmerke

<table>
<tr><th colspan="4">GRONDGEBRUIKSONES</th></tr>
<tr><th colspan="2">LAND-USE ZONE<br>Wat is dit?</th><th>LIGGING: Waar is dit?<br>Waarom is dit daar?</th><th>KENMERKE<br>Hoe lyk dit?</th></tr>
<tr><td colspan="2">SSG</td><td>• Waar vervoerroetes ontmoet<br>• In die middel van die stedelike gebied.<br>• Mees toeganklik</td><td>• Hoogste grondwaardes<br>• Grootste geboukonsentrasie<br>• Hoogste geboudigtheid<br>• Hoogste geboue<br>• Konsentrasie van winkels/ kantore.<br>• Hoë-orde kommersiële funksies.</td></tr>
<tr><td colspan="2">KOMMERSIEEL<br>• SSK<br>• Winkelsentrums</td><td>• SSK – kommersiële hart van die stad<br>• Gedesentraliseer na winkelsentrums</td><td>• Winkelsentrum aan buitewyke van die stad.<br>• Koopbehoeftes onder een dak.<br>• Baie parkeerplek</td></tr>
<tr><td rowspan="2">NYWERHEDE</td><td>(a) Ligte nywerhede</td><td>• Dikwels naby die SSK of woongebiede<br>• In beplande nywerheidslandgoedere<br>• Naby vervoerroetes.</td><td>• Min geraas en lugbesoedeling.<br>• Geen swaar masjinerie.</td></tr>
<tr><td>(b) Swaar nywerhede</td><td>• Aan buitewyke van die stad op goedkoop grond<br>• Naby hoof pad- en spoornetwerke<br>• Op plat, geleidelike land<br>• Naby waterbronne</td><td>• Baie lug- en geraasbesoedeling<br>• Gevaarlik</td></tr>
<tr><td rowspan="3">RESIDENSIEEL</td><td>(a) Middel tot hoë inkomste</td><td>• Verder weg van SSK geleë.<br>• Goeie uitsig.</td><td>• Groter eiendomme<br>• Goeie dienste<br>• Ontspanningsgeriewe.</td></tr>
<tr><td>(b) Lae inkomste</td><td>• Nader aan SSK.</td><td>• Huise naby mekaar.<br>• Minder fasiliteite<br>• Swak dienste.<br>• Kleiner eiendomme.</td></tr>
<tr><td>(c) Informele nedersetting</td><td>• Aan die buitewyke van die stedelike gebied.</td><td>• Huise uit plastiek, hout, sink gebou.<br>• Ongesonde toestande.<br>• Geen dienslewering<br>• Armoede<br>• Misdaad</td></tr>
<tr><td colspan="2">OORGANGSONE (vervalsone)</td><td>• Net buite die SSK</td><td>• Gemengde funksies(residensieel, kommersieel, ligte nywerhede)<br>• Vervalle geboue<br>• Hernuwing<br>• Waardevolle grond</td></tr>
<tr><td colspan="2">LANDELIK-STEDELIKE OORGANGSONE</td><td>• Aan die rand van die stad</td><td>• Stedelike funksies dring landelike gebiede binne.<br>• Beide landelike en stedelike funksies.<br>• Groot eiendomme weens goedkoop grond.<br>• Erwe en kleinhoewes<br>• Lughawens, begraafplase, kragstasies, gholfbane, rioolwerke.</td></tr>
</table>

Pas hierdie inhoud op die aktiwiteit van grondgebruiksones op die volgende bladsy toe.

***<u>AKTIWITEIT</u>: Bestudeer die kaart van die stedelike nedersetting, Glennville***





| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | (a) | Identifiseer die grondgebruiksone by A. | (1x1) (1) |
| | (b) | Gee EEN rede vir jou antwoord. | (1x2) (2) |
| 2 | (a) | Identifiseer 'n kommersiële aktiwiteit in Glennville wat gedesentraliseer het. | (1x1) (1) |
| | (b) | Gee TWEE kenmerke van hierdie kommersiële aktiwiteit. | (2x2) (4) |
| 3 | (a) | Watter een van die nywerhede B or C is 'n ligte nywerheid? | (1x1) (1) |
| | (b) | Gee EEN rede vir jou antwoord. | (1x2) (2) |
| | (c) | Bespreek DRIE faktore wat die ligging van die nywerheid by B beïnvloed het. | (3x2) (6) |
| 4 | (a) | Watter een van die woonbuurte D of E kan as 'n lae-inkomste woonbuurt geklassifiseer word? | (1x1) (1) |
| | (b) | Gee DRIE redes vir jou antwoord. | (3x2) (6) |
| 5 | (a) | Bespreek die ligging van die oorgangsone (vervalsone) In verhouding met die SSK van Glennville. | (1x2) (2) |
| | (b) | Gee TWEE kenmerke van die oorgangsone. | (2x2) (4) |
| 6 | (a) | Identifiseer VIER funksies wat in die landelik-stedelike Oorgangsone van Glennville aangetref word. | (4x1) (4) |

5 **Toepassing van grondgebruiksones op topografiese kaarte**

Jy moet jou inhoudskennis van grondgebruiksones op topografiese- en ortofotokaarte in Vraestel2 kan toepas.


Jy moet die volgende kan doen:

- Identifiseer alle grondgebruiksones.
- Redes vir identifisering op kaarte kan gee.
- Redes vir die ligging van grondgebruiksones soos op karate gesien kan gee.
- Kenmerke van grondgebruiksones soos op karate gesoen kan gee.



***AKTIWITEIT*: Toepassing van grondgebruiksones op topografiese kaarte.**


***1 Bestudeer die uittreksel van die topografiese kaart van Paarl.***




***Bespreek hoe die volgende faktore die ligging van nywerhede in Paarl beïnvloed het.***

- Reliëf
- Grondstowwe
- Water
- Arbeid
- Krag
- Vervoer
- Mark

*2. Bestudeer die uittreksel van die topografiese kaart van Bloemfontein*




***Identifiseer VYF funksies wat in die landelik-stedelike oorgangsone van Bloemfontein aangetref word***

Daar is meer as vyf funksies in die landelik-stedelike oorgangsone van Bloemfontein. Kyk of jy so veel as moontlik kan vind.

*Grondgebruiksones is 'n baie belangrike onderwerp in stedelike nedersetting. Dit kan in beide Vraestelle 1 & 2 getoets word. Jy moet die inhoud van hierdie afdeling op diagramme, kaarte en fotos kan toepas. Slegs kennis van die inhoud is nie genoeg nie. Oefen gereeld toepassings wanneer jy fotos en kaarte in jou handboek en koerante sien. Baie belangrik – kyk altyd rondom jou. Jy sien dit daagliks rondom jou. Probeer altyd om dit wat jy sien aan die feite in jou handboek te koppel*